



LAERSKOOL SIMON VAN DER STEL

WATERLOO GREEN - WYNBERG 7800

TEL: (021) 762-2234 / 797-0494 - FAKS: (021) 797-1978

E-POS: admin@svdstel.co.za / finansies@svdstel.co.za /

personeel@svdstel.co.za / ekasner@svdstel.co.za

12 Mei 2017

Omsendbrief 14/2017

Geagte Ouers

Let asseblief op die volgende sake van belang:

- Ons graad 5 onderwyser, mnr. S. Brandt, se siekverlof na sy skoueroperasie is verleng na 4 Junie. Hy sal dus op 5 Junie terugkeer na die skool.
- Mnr. S. le Roux, wat vanaf die begin van die kwartaal die graad 5 klas behartig het, gaan voort tot dan.
- Baie dankie aan mnre. J. van Antwerpen en G. West wat vir die res van die kwartaal die afrigting van die 0/13 rugbyspan gaan behartig.
- Hartlik geluk en sterkte aan Lauren Wilson en Usher Henn wat tans nog aan netbal-en rugbyproewe deelneem.
- Baie geluk ook aan al ons kinders met hul deelname en uitstekende prestasies op sportgebied asook by die afgelope naweek se optredes van die Kaapse Afrikaanse Eisteddfod.
- Veels geluk ook aan Mienke Herbst wat deurgedring het na die semi-finale rondte van die ATKV Redenaarskompetisie.
- Voorspoed aan Timoné Joubert, Monique Liebenberg, Lisa Schoeman, Anika Müller en Patricia Reynard wat môre aan die UNISA klavier eksamens deelneem.
- Welkom aan mejj. Eva van 't Ende en Ilona Krul, twee studente van Saxion Universiteit, Nederland, wat tans by ons skool is vir praktiese ondervinding.
- Baie dankie aan elkeen van u en u kinders vir die goeie bydraes wat alreeds ingebring is met die pretloopyste. Daar is egter nog enkele lyste uitstaande wat eerskomende Maandag ingehandig moet word sodat ons die projek kan finaliseer.

Baie dankie aan u as ouers e nook aan elke personeellid vir harde werk en ondersteuning met al ons bedrywigheede.

Baie dankie

E.L. KÄSNER
SKOOLHOOF

